It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Solomon Ignatius van Wyk to assume the surname "May".

✱ No. 484.] [28 February 1947.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937—GEORGIOS KYRIAKOS ZACHARIADES.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Georgios Kyriakos Zachariades to assume the surname of "Jackson".

✱ No. 485.] [28 February 1947.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE LIST No. 55.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (No. 35 of 1944), I, HARRY GORDON LAWRENCE, Acting Minister of the Interior, declare the 25th November, 1946, issue of the publication *Life* to be indecent, obscene or objectionable.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, all copies of the said publication are therefore prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any copy of the above-mentioned publication shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds, or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

H. G. LAWRENCE,
Acting Minister of the Interior.

6th February, 1947.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 477.] [7 Maart 1947.

AANSTELLING EN INTREKKING VAN AANSTELLING VAN KOMMISSARISSE VAN EDE.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het kragtens artikel *ses* van Wet No. 16 van 1914, (1) die persone genoem in deel I van onderstaande Bylae aangestel as kommissarisse van ede vir solank dit hom behaag vir die gebied teenoor hul name vermeld, (2) die persone genoem in deel II van die Bylae aangestel as kommissarisse van ede vir die tydperk en gebied teenoor hul name vermeld.

BYLAE.

DEEL I.

Naam.	*Adres.*	*Gebied.*
Ahmed Mohideen Fyzoo	Sirdarweg 77, Clairwood, Durban	Distrik Durban.
Daniel Joorst	Kerkstraat, Elim	Distrik Bredasdorp.

DEEL II.

Naam.		*Gebied.*
Julian Addison	Solank hy 'n lid van die plaaslike gesondheidskommissie, Pietermaritzburg, is	Provinsie Natal.
David Rattray Donaldson	Solank hy sekretaris van die plaaslike gesondheidskommissie, Pietermaritzburg, is	Provinsie Natal.
John Gemmell	Solank hy aangewese agent vir die „Industrial Council for the Electrical Engineering Industry", Transvaal, is	Provinsie Transvaal en distrik Kimberley.
Malcolm Vincent Smith	Solank hy aangewese agent vir die „Industrial Council for the Electrical Engineering Industry", Transvaal, is	Distrik Kimberley.
Pierre Francois Maasdorp Joubert	Solank hy in die Departement van Doeane en Aksyns werksaam is	Die Unie.
Charl Petrus Marais	Solank hy in die Departement van Doeane en Aksyns werksaam is	Die Unie.
Johan Andries Swanepoel	Solank hy in die Departement van Lande werksaam is	Provinsie Transvaal.
Edward Cecil Coombes	Solank hy in die kantoor van die Ontvanger van Inkomste, Johannesburg, is	Distrik Johannesburg.
Percy Arthur Ivan Drake	Solank hy in die kantoor van die Ontvanger van Inkomste, Kaapstad, is	Distrik Die Kaap.
James Douglas Keet	Solank hy in die kantoor van die Ontvanger van Inkomste Port Elizabeth, is	Distrik Port Elizabeth.
William Alfred Stanley Smith	Solank hy in die kantoor van die Ontvanger van Inkomste, Durban, is	Distrik Durban.
Pieter Barend van Hoogenhouk Tulleken	Solank hy in die kantoor van die Ontvanger van Inkomste, Durban, is	Distrik Durban.
James Ritchie	Solank hy Direkteur van die Suid-Afrikaanse Buro van Mate is	Distrik Pretoria.

✱ No. 478.] [7 Maart 1947.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *twee-en-dertig* van die „Administration of Justice Proclamation", 1902 (No. 14 van 1902, Transvaal), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van reël 164 van die reëls van die Hoog-geregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling), soos omskryf in die Bylae hiervan en opgestel deur die Regters van genoemde Afdeling.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 477.] [7 March 1947.

APPOINTMENT AND CANCELLATION OF APPOINTMENT OF COMMISSIONERS OF OATHS.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *six* of Act No. 16 of 1914, (1) appointed the persons mentioned in Part I of the following Schedule to be Commissioners of Oaths, during pleasure, for the area set opposite their names, and (2) appointed the persons mentioned in Part II of the Schedule referred to, to be Commissioners of Oaths for the period and area set opposite their names.

SCHEDULE.

PART I.

Name.	*Address.*	*Area.*
Ahmed Mohideen Fyzoo	77 Sirdar Road, Clairwood, Durban	District of Durban.
Daniel Joorst	Church Street, Elim	District of Bredasdorp.

PART II.

Name.		*Area.*
Julian Addison	Whilst he is a member of the Local Health Commission at Pietermaritzburg	Province of Natal.
David Rattray Donaldson	Whilst he is Secretary of the Local Health Commission at Pietermaritzburg	Province of Natal.
John Gemmell	Whilst he is designated agent for the Industrial Council for the Electrical Engineering Industry, Transvaal	Province of the Transvaal and the district of Kimberley
Malcolm Vincent Smith	Whilst he is designated agent for the Industrial Council for the Electrical Engineering Industry, Transvaal	District of Kimberley.
Pierre Francois Maasdorp Joubert	Whilst he is employed in the Department of Customs and Excise	The Union.
Charl Petrus Marais	Whilst he is employed in the Department of Customs and Excise	The Union.
Johan Andries Swanepoel	Whilst he is employed in the Department of Lands	Province of the Transvaal.
Edward Cecil Coombes	Whilst he is in the office of the Receiver of Revenue, Johannesburg	District of Johannesburg.
Percy Arthur Ivan Drake	Whilst he is in the office of the Receiver of Revenue, Cape Town	District of The Cape.
James Douglas Keet	Whilst he is in the office of the Receiver of Revenue, Port Elizabeth	District of Port Elizabeth.
William Alfred Stanley Smith	Whilst he is in the office of the Receiver of Revenue, Durban	District of Durban.
Pieter Barend van Hoogenhouk Tulleken	Whilst he is in the office of the Receiver of Revenue, Durban	District of Durban.
James Ritchie	Whilst he is Director of the South African Bureau of Standards	District of Pretoria.

✱ No. 478.] [7 March 1947.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *thirty-two* of the Administration of Justice Proclamation (No. 14 of 1902, Transvaal), to approve of the amendment of Rule 164 of the Rules of the Supreme Court of South Africa (Transvaal Provincial Division), appearing in the Schedule hereto and framed by the judges of that Division.

BYLAE.

REELS VAN DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING.

TARIEF VIR PROKUREURS WAT IN DIE HOOGGEREGSHOF (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING), PRAKTISEER.

Reël 164A.—Reël 164 van die Reëls van die Hof word hierby gewysig deur die intrekking van Goewermentskennisgewing No. 2437 van 27 November 1942, en vervang deur die volgende:—

„ Vanaf 1 Maart 1947 word alle gelde, voorgeskryf in die lys wat kragtens Reël 164 opgestel is, as 'n tydelike maatreël met 25 persent (vyf-en-twintig persent) verhoog.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 454.] [7 Maart 1947.

LOONWET, 1937.

LOONRAADAANBEVELING.—KLIPBREEKGAT- EN/OF KLIPBREEKNYWERHEID.

Die volgende verbeteringe aan Goewermentskennisgewing No. 236 wat in die *Staatskoerant* van 7 Februarie 1947, verskyn, word vir algemene inligting bekendgemaak:—

In die Afrikaanse lesing van die Bylae—

In die loontabel ten opsigte van „ onderbaas, wag, keteloppasser, graad-II-werknemer gekwalifiseerd, graad-II-werknemer ongekwalifiseerd, arbeider van 18 jaar en ouer, arbeider onder 18 jaar " in klousule 3 (*a*), skrap:—

(1) die woord „ binne " wat in die vierde kolom verskyn en vervang dit deur „ buite ";

(2) „ 0 15 0 " wat in die sewende kolom verskyn en vervang dit deur „ 0 16 0 ".

In die Engelse lesing van die Bylae—

In die sewende kolom van die loontabel ten opsigte van „ chargehand, watchman, boiler attendant, Grade II employee, qualified, Grade II employee, unqualified, labourer of the age of 18 years and over, labourer under the age of 18 years ", in klousule 3 (*a*) skrap „ 0 15 0 " waar dit verskyn en vervang dit deur „ 0 16 0 ".

✱ No. 455.] [7 Maart 1947.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944.

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE BOUNYWERHEID, BLOEMFONTEIN.

VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, COLIN FRASER STEYN, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die Komitee vir Vakleerlinge in die Bounywerheid, Bloemfontein, gee hierby kennis dat ek—

(*a*) kragtens subartikel (3) van artikel *sestien* van die genoemde wet, Goewermentskennisgewing No. 1138 van 10 Julie 1931, intrek vir sover dit op leervoorwaardes in die bounywerheid betrekking het;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van die genoemde wet, in die gebied wat binne 'n omtrek van vyftien myl van die hoofposkantoor, Bloemfontein, geleë is en vir welke gebied die komitee wat aldus geraadpleeg is, by Goewermentskennisgewing No. 128 van 18 Januarie 1946, ingestel is, die bepalings wat in die Bylae hiervan verskyn, voorskryf as bepalings ten opsigte van vakleerlingskap in die bedrywe wat deur my in die bounywerheid aangewys is en waarop die bepalings van die genoemde Wet, met betrekking tot vakleerlingskap van toepassing is.

C. F. STEYN,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE.

TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION RULES.

TARIFF FOR ATTORNEYS PRACTISING IN THE SUPREME COURT (TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION).

Rule 164A.—Rule 164 of the Rules of Court is hereby amended by deleting G.N. 2437, dated 27th November, 1942, and substituting the following:—

" From and after the 1st March, 1947, all fees prescribed by the Schedule drawn under Rule 164 shall be increased as a temporary measure by 25 per cent."

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 454.] [7 March 1947.

WAGE ACT, 1937.

WAGE BOARD RECOMMENDATION.—QUARRYING AND/OR STONECRUSHING INDUSTRY, PRINCIPAL AREAS, RUSTENBURG AND BRITS.

The following corrections to Government Notice No. 236 appearing in the *Government Gazette* of the 7th February, 1947, are published for general information:—

In the Afrikaans version of the Schedule—

In the table of wages in respect of " onderbaas, wag, keteloppasser, graad-II-werknemer gekwalifiseerd, graad-II-werknemer ongekwalifiseerd, arbeider van 18 jaar en ouer, arbeider onder 18 jaar " in clause 3 (*a*) delete—

(i) the word " binne " appearing in the fourth column and substitute " buite ";

(ii) " 0 15 0 " appearing in the seventh column and substitute " 0 16 0 ".

In the English version of the Schedule—

In column seven of the table of wages in respect of " chargehand, watchman, boiler attendant, Grade II employee qualified, Grade II employee unqualified, labourer of the age of 18 years and over, labourer under the age of 18 years ", in clause 3 (*a*) delete " 0 15 0 " where it appears and subsitute " 0 16 0 ".

✱ No. 455.] [7 March 1947.

APPRENTICESHIP ACT, 1944.

BLOEMFONTEIN BUILDING INDUSTRY APPRENTICESHIP COMMITTEE.

PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

I, COLIN FRASER STEYN, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the Bloemfontein Building Industry Apprenticeship Committee, hereby give notice that—

(*a*) in terms of sub-section (3) of section *sixteen* of the said Act, I withdraw Government Notice No. 1138 of the 10th July, 1931, in so far as it applies to the conditions of apprenticeship in the Building Industry;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act, I prescribe in the area within fifteen miles radius from the General Post Office, Bloemfontein, for which area the Committee so consulted was established by Government Notice No. 128 of the 18th January, 1946, the provisions appearing in the Schedule hereto, as provisions in respect of apprenticeship in the trades designated by me in the Building Industry to which the provisions of the said Act in respect of Apprenticeship shall apply.

C. F. STEYN,
Minister of Labour.

BYLAE.

1. KWALIFIKASIES VIR AANGAAN VAN VAKLEERLINGSKAP.

Behalwe in die gevalle waarin deur die Minister vrystelling verleen word, is die minimum ouderdom en onderwyskwalifikasies vir aangaan van vakleerlingskap onderskeidelik vyftien jaar en Standerd Sewe.

2. TERMYN VAN LEERLINGSKAP.

Behalwe in die gevalle waarin deur die Minister 'n verkorting van die leertydperk goedgekeur word, is die termyn van leerlingskap in alle aangewese bedrywe vyf jaar: met dien verstande dat in die geval van 'n aanstaande vakleerling wat opleiding aan 'n tegniese goewermentshoërskool, 'n industriële skool, of 'n erkende tegniese instituut of kollege ontvang het, 'n kwytskelding van hoogstens die helfte of minstens eenkwart van die tydperk wat hy sulke skool, instituut, of kollege bygewoon het, van die volle termyn van leerlingskap afgetrek moet word.

3. LOONSKALE.

Lone teen die volgende skale is weekliks aan vakleerlinge betaalbaar gedurende die genoemde jare waarin hulle hul leerlingskap dien:—

	Per week. £ s. d.
Eerste jaar	1 8 0
Tweede jaar	1 16 0
Derde jaar	2 10 0
Vierde jaar	3 5 0
Vyfde jaar	4 7 0

4. ONDERWYSKLASSE WAT BYGEWOON MOET WORD.

(*a*) Behalwe in die gevalle waarin deur die Minister vrystelling verleen word, moet vakleerlinge die klasse bywoon wat gehou word deur die Vrystaatse Tegniese Kollege en wat oplei vir die Preliminêre Tegniese en Nasionale Tegniese Sertifikate, of hoër sertifikate wat deur die Unie-Onderwysdepartement uitgereik word, of vir enige sertifikaat of sertifikate wat daarvoor in die plek gestel mag word.

Behalwe in die gevalle waarin deur die Minister vrystelling verleen word, moet vakleerlinge vir wie geen klasse beskikbaar is nie, korrespondensiekursusse volg wat deur die Witwatersrandse Tegniese Kollege verstrek word.

Sodanige klasse moet gedurende die hele termyn van leerlingskap vir minstens ses uur per week bygewoon word. Gedurende die eerste twee agtereenvolgende jare na die datum van registrasie van die vekleerlingkontrak, moet die vakleerlinge gedurende normale werkure drie uur per week klasse bywoon, en die werkgewers moet gedurende die genoemde twee jaar indien en wanneer dit vir hierdie doel nodig is, leerlinge van werk vrystel om hulle in staat te stel om sulke klasse wat gedurende werkure gehou word, te kan bywoon.

In die geval van 'n vakleerling wie se tweede jaar na die datum van registrasie van sy kontrak afloop voor 30 Junie, moet bywoning gedurende normale werkure voortgesit word tot 30 Junie in die kalenderjaar waarin die tweede jaar wat volg op die datum van registrasie van sy kontrak, afloop. In die geval van 'n vakleerling wie se tweede jaar wat volg op die datum van registrasie van sy kontrak, afloop op of na 30 Junie, moet bywoning gedurende normale werkure voortgesit word tot die einde van die kalenderjaar waarin die tweede jaar wat volg op die datum van registrasie van sy kontrak, afloop.

(*b*) Vakleerlinge moet hulle met die nodige ywer toelê op die studiekursusse wat nodig is vir verkryging van die sertifikate waarna hierin verwys word.

(*c*) Vakleerlinge moet die eksamens vir die sertifikate waarna in (*a*) hiervan verwys word en wat van tyd tot tyd deur die Unie-Onderwysdepartement in verband met sodanige klasse of korrespondensiekursusse gehou word, aflê.

5. BETALING VAN KLAS-, OF KURSUSGELDE EN VAN EKSAMENGELDE.

Elke vakleerling van wie vereis word om voorgeskrewe klasse of kursusse by te woon of te volg, of om voorgeskrewe eksamens af te lê, is teenoor die betrokke instituut vir betaling van die gelde daarvoor aanspreeklik, met dien verstande dat—

(*a*) in die geval van klas-, of kursusgelde die werkgewer sodanige gelde vir elke kalenderjaar aan die betrokke instituut moet voorskiet en sodanige bedrae in paaiemente van hoogstens 3s. per week van die vakleerling se loon moet aftrek; met dien verstande dat as die vakleerling 'n sertifikaat van die betrokke instituut voorlê dat hy bevredigende punte vir ywer behaal het en beide in sy eie tyd en gedurende die gewone werkure minstens 75 persent van die moontlike getal klasse bygewoon het, of, in die geval van 'n korrespondensiekursus, minstens 75 persent van die totale getal vraestelle gedurende die betrokke kalenderjaar bevredigend beantwoord het, die som wat aldus afgetrek is, deur die werkgewer aan die vakleerling betaal moet word;

(*b*) die werkgewer moet die gelde vir die genoemde eksamens minstens sewe dae voor die sluitingsdatum, naamlik 3 April of 3 September vir die eksamens wat onderskeidelik in Junie en November van elke jaar gehou word, voorskiet vir inskrywing vir die eksamens wat die vakleerling moet aflê, en moet die bedrag van die geld wat voorgeskiet

SCHEDULE.

1. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, the minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be fifteen years and the passing of Standard Seven respectively.

2. PERIOD OF APPRENTICESHIP.

Except in cases where a reduction of the period is approved by the Minister, the period of apprenticeship shall be five years in all designated trades. Provided that in the case of a prospective apprentice who has undergone training in a Government technical high school, industrial school or approved technical institute or college, a remission from the full period of apprenticeship not exceeding one-half or less than one-quarter of the period that he has attended such school, inistitute or college, shall be granted.

3. RATES OF WAGES.

Wages at the following rates shall be payable weekly to apprentices during the years specified while serving their apprenticeship:—

	Per Week. £ s. d.
First year	1 8 0
Second year	1 16 0
Third year	2 10 0
Fourth year	3 5 0
Fifth year	4 7 0

4. EDUCATIONAL CLASSES TO BE ATTENDED.

(*a*) Except in cases where exemption is granted by the Minister, apprentices shall attend classes conducted by the Free State Technical College leading to the Preliminary Technical and National Technical Certificates or higher certificates issued by the Union Department of Education, or to any certificate or certificates which may be instituted in place thereof.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, apprentices for whom no classes are available shall take correspondence courses conducted by the Witwatersrand Technical College.

Attendance at such classes shall be for not less than six hours per week throughout the whole period of apprenticeship. During the first two consecutive years next following the date of registration of the contract of apprenticeship, the apprentices shall attend classes for three hours per week, during normal working hours, and employers shall during the said two years release apprentices from work as and when required for this purpose to enable them to attend such classes conducted during working hours.

In the case of an apprentice, the second year following the date of registration of whose contract, expires prior to the 30th June, attendance during normal working hours shall continue until the 30th June, in the calendar year in which the second year following the date of registration of his contract expires. In the case of an apprentice the second year following the date of registration of whose contract expires on or after the 30th June, attendance during normal working hours shall continue until the end of the calendar year in which the second year following the date of registration of his contract expires.

(*b*) Apprentices shall apply themselves to the courses of study necessary to obtain the certificates referred to herein with proper diligence.

(*c*) Apprentices shall take the examinations for the certificates mentioned in (*a*) hereof as may from time to time be conducted by the Department of Union Education in connection with such classes or correspondence courses.

5. PAYMENT OF CLASS OR COURSE FEES AND EXAMINATION FEES.

Every apprentice who is required to attend or to take any prescribed classes or courses or to take any prescribed examinations shall be liable to pay the fees thereof to the institution concerned provided that—

(*a*) in the case of class or course fees the employer shall advance such fees for each calendar year to the institution concerned and shall deduct such amounts from the wages of the apprentice in instalments not exceeding 3s. per week provided that, if the apprentice produces a certificate from the institution concerned that he had obtained a satisfactory mark in diligence and attended both in his own time and during ordinary working hours at least 75 per cent. of the possible number of classes; or in the case of a correspondence course, satisfactorily completed at least 75 per cent. of the full number of papers during that calendar year the sum so deducted shall be paid to the apprentice by the employer;

(*b*) the employer shall advance the fees for the said examinations at least seven days before the closing dates i.e. 3rd April and 3rd September in respect of examinations conducted in June and November respectively each year for entries for the examinations which the apprentice is required to undergo and shall recover the amount of the fees advanced in respect of any subject in the said examina-

is vir enige vak in die genoemde eksamen waarin die vakleerling druip verhaal deur dit van die vakleerling se loon af te trek; die balans is nie deur die werkgewer verhaalbaar nie en word beskou as betaling ten behoewe van die vakleerling in vereffening van sy aanspreeklikheid om die genoemde gelde te betaal.

(*L.W.*—Die moontlike getal bywoning word bereken deur van die *maksimum* getal klasse wat hy gedurende die kalenderjaar moes bywoon, die getal wat hy, weens oorsake buite beheer van die vakleerling afwesig was, af te trek.)

★ No. 456.] [7 Maart 1947.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

KLEREMAKERY-OP-MAATNYWERHEID, PRETORIA.

Ek, COLIN FRASER STEYN, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en wat betrekking het op die Kleremakery-op-maatnywerheid vanaf die 10de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van Maart 1948, bindend is op die werkgewersorganisasie en Vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousule 3 tot en met 24, en 28 en 29 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 10de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van Maart 1948, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die magistraatsdistrik Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941, oorgeplaas is maar uitsluitende die plaas Geelbeksvlei No. 345);

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 19, 21 tot en met 24, en 28 en 29 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 10de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van Maart 1948, in die magistraatsdistrik Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941, oorgeplaas is maar uitsluitende die plaas Geelbeksvlei No. 345), *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer" vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie; en

(*d*) kragtens subartikel (7) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousule 27 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 10de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van Maart 1948, bindend is op die prinsipale of aannemers vermeld in genoemde klousule van die Ooreenkoms en op die persone aan wie werk uitgegee word deur sodanige prinsipale of aannemers in die magistraatsdistrik Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal by Proklamasie No. 225 van 1941, oorgeplaas is maar uitsluitende die plaas Geelbeksvlei No. 345).

C. F. STEYN,
Minister van Arbeid.

tion in which the apprentice failed to pass, by means of deduction from the wages of the apprentice; the balance being not recoverable by the employer, and being regarded as payment on behalf of the apprentice to discharge his liability to pay the said fees.

(NOTE.—The possible number of attendances is arrived at by deducting the number of absences due to circumstances beyond the control of an apprentice from the maximum number of classes he is required to attend during any calendar year.)

★ No. 456.] [7 March 1947.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

BESPOKE TAILORING INDUSTRY, PRETORIA.

I, COLIN FRASER STEYN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Bespoke Tailoring Industry shall be binding from the 10th day of March, 1947, and for the period ending the 9th day of March, 1948, upon the employers' organisation and trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that Union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 3 to 24 (inclusive) and 28 and 29 of the said Agreement shall be binding from the 10th day of March, 1947, and for the period ending the 9th day of March, 1948, upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvlei No. 345);

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial District of Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvlei No. 345), and from the 10th day of March, 1947, and for the period ending the 9th day of March, 1948, the provisions contained in clauses 3 to 19 (inclusive), 21 to 24 (inclusive) and 28 and 29 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act; and

(*d*) in terms of sub-section (7) of section *forty-eight* of the Act, declare that the provisions contained in clause 27 of the said Agreement shall be binding from the 10th day of March, 1947, and for the period ending the 9th day of March, 1948, upon such principals or contractors as are referred to in the said clause of the Agreement and upon the persons to whom work is given out by such principals or contractors in the Magisterial District of Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvlei No. 345).

C. F. STEYN,
Minister of Labour.

AANHANGSEL.

KLEREMAKERY-OP-MAAT-NYWERHEID (PRETORIA).

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen

„ The Pretoria and District Merchant Tailors' Association " (hierna genoem „ die werkgewers " of „ die werkgewersorganisasie "), aan die een kant, en

„ The Tailoring Workers' Industrial Union (Transvaal) " (hierna genoem „ die werknemers " of „ die vakvereniging "), aan die ander kant,

wat die partye is by die „ Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria).".

1. Termyn van toepassing van Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister van Arbeid ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag bepaal en bly van krag vir sodanige tydperk as wat hy mag vasstel.

2. Bestek van toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die magistraatsdistrik Pretoria (met inbegrip van daardie gedeelte wat na die magistraatsdistrik Groblersdal oorgeplaas is by Proklamasie No. 225 van 1941, maar uitsluitende die plaas Geelbeksvlei No. 345) nagekom word deur *alle* werkgewers en werknemers in die kleremakery-op-maatnywerheid wat onderskeidelik lede is van die werkgewersorganisasie en die vakvereniging.

3. Woordbepalings.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en waarvan in die Wet die betekenis bepaal is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet; by 'n verwysing na 'n Wet is ook enige wysiging van sodanige Wet inbegrepe, en behalwe waar die teenoorgestelde blykbaar bedoel word, sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vroue in; verder, tensy dit teenstrydig is met die samehang, beteken—

„ Wet ", die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„ klere-vermaker ", 'n werknemer in diens vir die vermaak en/of herstel van kledingstukke wat op maat gemaak is;

„ Kleremakery-op-maat "—

(*a*) die maak van bo-klere (met inbegrip van dameskledingstukke) op maat van individuele persone en omvat ook enige proses in verband daarmee of enige onderdeel daarvan, maar dameshoedemakery of modemakery of die maak van kledingstukke vir of ten behoewe van 'n Staatsdepartement, 'n Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Spoorweë- en Hawens-administrasie en Plaaslike Besture is nie, daarby inbegrepe nie, en „ op maat gemaak " het 'n ooreenkomstige betekenis;

(*b*) die vermaak of herstel van bo-klere op maat van 'n persoon hetsy sulke klere oorspronklik op maat van die persoon gemaak was of nie, as dit gedoen word deur 'n werkgewer wat die bedrywighede onder (*a*) genoem, uitoefen;

„ Klerasienywerheid ", modemakery, die vervaardiging van alle soorte bo- en onderklere, met inbegrip van nagklere, en alle soorte tweed- en linnehoede, pette en dasse, verder ook die maak van alle soorte kledingstukke wat op bestelling vir enige Staatsdepartement, Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie, of Plaaslike Besture gemaak word, maar sluit kleremakery-op-maat nie in nie;

„ klaarmaak ", die aanmekaarwerk van kledingstukke wat op maat gemaak is, voltooi met uitsondering van sny, tooi, aanpas en afmerk;

„ Raad ", die „ Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria) " wat ingevolge artikel *negentien* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, geregistreer is;

„ sny, maak en tooi ", kleremakery-op-maat met inbegrip van sny, tooi, afmerk en aanpas;

„ inrigting ", enige plek waar enige onderdeel van kleremakery-op-maat uitgeoefen word;

„ ervaring ", die totale deur van diens by kleremakery-op-maat- en/of klerasienywerheid, sowel voor as na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree; met dien verstande dat enige opleidingstydperk in die kleremakery-op-maat- en/of klerasienywerheid wat 'n werknemer in enige nywerheidskool deurgemaak het as gelykstaande aan ervaring in die kleremakery-op-maat- en/of klerasienywerheid tot een-derde van gemelde opleidingstydperk beskou moet word;

„ snyer ", 'n werknemer in diens vir die skets van patrone volgens die maat van individuele persone;

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BESPOKE TAILORING INDUSTRY (PRETORIA).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between—

The Pretoria and District Merchant Tailors' Association (hereinafter referred to as " the employers " or " the employers' organization "), of the one part; and

The Tailoring Workers' Industrial Union (hereinafter referred to as " the employees " or " the trade union "), of the other part;

being the parties to the Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria).

1. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister of Labour, in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for such period as may be determined by him.

2. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial District of Pretoria (including that portion transferred to the Magisterial District of Groblersdal by Proclamation No. 225 of 1941, but excluding the farm Geelbeksvlei No. 345) by all employers and employees in the Bespoke Tailoring Industry, who are members of the employers' organization and the trade union respectively.

3. Definitions.

Any terms used in this Agreement which are defined in the Act, shall have the same meanings as in that Act, any reference to an Act shall include any amendment of such Act; and, unless the contrary intention appears, words importing the masculine gender shall include females; further, and unless inconsistent with the context—

" Act " means the Industrial Conciliation Act, 1937;

" alteration tailor " means an employee who is employed on altering and/or repairing tailored garments;

" bespoke tailoring " means—

(*a*) the making of outer garments, including ladies' garments to the measurement of individual persons, and includes any process in, or branch of, such making, but does not include millinery or dressmaking or the making of any garment for or on behalf of a Department of State, Provincial Administration, the South African Railways and Harbours Administration and Local Authorities and " bespoke tailored " has a corresponding meaning;

(*b*) the alteration or repair of any outer garment so as to comply with the measurement of an individual person, whether such garment was originally made to the individual measurement of such person or otherwise, where carried out by an employer engaged in the activities in (*a*);

" Clothing Industry " means dressmaking, the making of all classes of outer and under garments, including nightwear and all classes of tweed and linen hats, caps and ties, and the making of all classes of garments to the order of any Department of State or Provincial Administration, the S.A. Railways and Harbours Administration or local authorities, but excludes bespoke tailoring;

" complete making " means the making up of bespoke tailored garments complete, excluding cutting, trimming, fitting on and marking up;

" Council " means the Industrial Council for the Bespoke Tailoring Industry (Pretoria), registered in terms of section *nineteen* of the Industrial Conciliation Act, 1937;

" cut, make and trim " means the making of bespoke tailored garments, including cutting, trimming, marking up and fitting on;

" establishment " means any place in which any branch of bespoke tailoring is carried on;

" experience " means the total period of employment in bespoke tailoring and/or in the clothing industry, both before and subsequent to the date of the commencement of this Agreement, provided that any period of training for the bespoke tailoring and/or clothing industry undergone by an employee in any industrial school, shall be regarded as being equivalent to experience in the bespoke tailoring and/or clothing industry amounting to one-third of the said period of training;

" cutter " means an employee who is employed on drafting of patterns to the measurement of individual persons;

„ kleremaker ", 'n werknemer in diens vir een of meer van die volgende werksaamhede in verband met die maak van baadjies en onderbaadjies:—

(*a*) Aanwerk van bykomstighede;
(*b*) fatsoeneer;
(*c*) binnerygwerk;
(*d*) moue aanryg;
(*e*) seildoek in baadjies vaswerk;
(*f*) baadjies berei vir opstopwerk;
(*g*) rugvoerings vasryg;
(*h*) onderbaadjies ryg;
(*i*) kante van baadjies vasryg;
(*j*) stopsel in mousgate vasryg;

„ kleremaakster ", 'n vroulike werknemer werksaam in verband met een of meer van onderstaande werksaamhede by die maak van baadjies en/of onderbaadjies:—

(*a*) Onsigbare soomwerk;
(*b*) opstopwerk;
(*c*) ruwe rygwerk;
(*d*) naaiwerk met die hand;
(*e*) enige handwerk by die maak van onderbaadjies;
(*f*) knoopsgate maak;
(*g*) moue uitvoer;

„ kleinhandel-prysindeks ", die indeks betreffende kos, brandstof, ligte, huurgeld en diverse vir Pretoria in vergelyking met sigself op die 1938-basis soos beraam deur die Direkteur van Sensus en Statistieke en bekendgemaak in die Maandbulletin van Unie-statistieke;

„ uurloon ", die weeklikse loon, gedeel deur ses-en-veertig;

„ arbeider ", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande werksaamhede verrig:—

Werkwinkels skoonmaak;
goedere of materiaal dra of opstapel;
goedere aflewer;

maar wat nie enige van die werksaamhede verrig waarna verwys word in die woordbepaling van enige ander werknemers nie;

„ leerling ", 'n werknemer met, in die geval van 'n man, minder as drie en 'n half jaar ervaring, en in die geval van 'n vrou, minder as drie jaar ervaring;

„ masjienwerker ", 'n werknemer wat met die masjien enige werksaamhede verrig by die maak van baadjies en/of onderbaadjies;

„ maak en tooi ", die maak van kledingstukke op maat, met inbegrip van tooi, maar met uitsondering van sny, aanpas en afmerk;

„ handelaarkleremaker ", 'n werkgewer wat 'n bestelling of bestellings vir die maak van klere op maat aanneem of laat aanneem;

„ middelman ", 'n persoon aan wie kleremaakwerk op maat op kontrak vir sodanige werk deur 'n prinsipaal of aannemer uitgegee word;

„ oortyd ", tyd gewerk buite die ure bepaal in artikel 7 van hierdie Ooreenkoms;

„ stukwerk ", enige stelsel behalwe taakwerk, waarvolgens verdienstes volgens hoeveelheid of opbrings van verrigte werk bereken word;

„ gewone masjienwerker ", 'n werknemer wat uitsluitlik vir een of meer van onderstaande werksaamhede in diens is:—

(*a*) Moue met masjien stik;
(*b*) seildoekvoerings met masjien stik;
(*c*) binnesakke met masjien stik;
(*d*) voerings van baadjies en onderbaadjies met masjien stik;

„ perser ", 'n werknemer wat al die werksaamhede of enigeen daarvan in verband met die pers van kledingstukke verrig;

„ prinsipaal of aannemer ", enige persoon wat kleremaakwerk op maat op kontrak uitgee;

„ manlike werknemer, gekwalifiseerd ", 'n manlike werknemer met minstens drie en 'n half jaar ervaring;

„ vroulike werknemer, gekwalifiseerd ", 'n vroulike werknemer met minstens drie jaar ervaring;

„ taakwerk ", die uitgee aan 'n werknemer deur 'n werkgewer of sy verteenwoordiger van 'n bepaalde aantal kledingstukke of dele van kledingstukke wat deur sodanige werknemer in 'n bepaalde tyd gemaak moet word;

„ tydloonwerker ", 'n werknemer wie se loon op 'n weeklikse basis vasgestel word;

„ broek-masjienwerker ", 'n manlike werknemer in diens vir masjienwerk alleen in verband met die maak van broeke;

„ broek-masjienwerkster ", 'n vroulike werknemer in diens vir masjienwerk alleen in verband met die maak van broeke;

„ broekperser ", 'n werknemer in diens alleen vir die pers van broeke;

„ broek-kleremaker ", 'n werknemer in diens vir die klaarmaak van broeke;

„ broek-kleremaakster ", 'n vroulike werknemer in diens vir enige werksaamhede in verband met die maak van broeke (behalwe met die masjienwerk of pers);

„ binneperser " 'n werknemer in diens by perswerksaamhede behalwe buitepers, maar dit kan ook die pers van onderbaadjies insluit;

„ werkende werkgewer of vennoot ", enige werkgewer of vennoot in 'n vennootskap wat self kleremakery-op-maat verrig.

" tailor " means an employee who is employed on one or more of the following operations in the making of coats and vests:—

(*a*) Fixing;
(*b*) shaping;
(*c*) basting under;
(*d*) basting in sleeves;
(*e*) canvassing coats;
(*f*) preparing coats for padding;
(*g*) basting on bridles;
(*h*) basting undervests;
(*i*) basting out edges of coats;
(*j*) basting wadding in armholes;

" tailoress " means a female employee who is employed on one or more of the following operations, in the making of coats and/or vests:—

(*a*) Felling;
(*b*) padding;
(*c*) rough (skeleton) basting;
(*d*) hand stitching;
(*e*) any handwork in the making of vests;
(*f*) making buttonholes;
(*g*) lining in sleeves;

" retail price index " means the index relating to food, fuel, light, rent and sundries for Pretoria, compared with itself on the 1938 basis as assessed by the Director of Census and Statitics and published in the *Monthly Bulletin of Union Statistics;*

" hourly rate " means the weekly wage divided by forty-six;

" labourer " means an employee who is engaged in one or more of the following operations;

Cleaning workshops;
carrying or stacking goods or materials;
delivering goods;

but who is not engaged on any of the operations referred to in the definition of any other employees;

" learner " means an employee who, in the case of a male, has had less than three and a half years' experience and in the case of a female, has had less than three years' experience;

" machiner " means an employee who performs by machine any operations in the making of coats and/or vests;

" make and trim " means the making of bespoke tailored garments including trimming, but not including cutting, *fitting on and marking up;*

" merchant tailor " means an employer who takes or causes to be taken an order or orders for bespoke tailoring;

" middleman " means a person to whom bespoke tailoring work is given out on contract for such work by a principal or contractor;

" overtime " means time worked outside the hours specified in section 7 of this Agreement;

" piece-work " means any system other than task-work by which remuneration is calculated by quantity or output of work done;

" plain machiner " means an employee who is employed exclusively on one or more of the following operations:—

(*a*) Machining sleeves;
(*b*) machining canvasses;
(*c*) machining inside pockets;
(*d*) machining linings of coats and vests;

" presser " means an employee who is employed on all or any of the operations involved in pressing of garments;

" principal or contractor " shall mean any person who gives out bespoke tailoring work on contract;

" qualified male employee " means a male employee who has had not less than three and a half year's experience;

" qualified female employee " means a female employee who has had not less than three years' experience;

" task-work " means the setting by an employer or his representative to any employee of a definite number of garments or portions of garments to be made by such an employee in a specified time;

" time-worker " means an employee whose rates of pay is determined on a weekly basis;

" trousers machiner " means a male employee who is employed on machining in the making of trousers only;

" trousers machinist " means a female employee who is employed on machining in the making of trousers only;

" trousers presser " means an employee who is employed on pressing trousers only;

" trousers tailor " means an employee engaged in the complete making of trousers;

" trousers tailoress " means a female employee who is employed on any operations (other than machining or pressing) in the making of trousers;

" under presser " means an employee who is employed on pressing operations other than pressing off, but which may include the pressing of vests;

" working employer or partner " means any employer or partner in a partnership who *himself performs* bespoke tailoring.

4. LONE, STUKWERKLONE EN TYDLONE VIR DIE KLAARMAAK VAN KLERE.

(1) (*a*) Behoudens die bepalings van artikel 27 mag geen werkgewer 'n tydloonwerker van enigeen van onderstaande kategoriee teen laer lone as onderstaande betaal nie en geen sodanige werknemer mag laer lone aanneem nie:—

(i) *Gekwalifiseerde werknemers.*	*Per week.* £ s. d.
Kleremaker	8 1 0
Masjienwerker	8 1 0
Perser	8 1 0
Gewone masjienwerker (manlik)	5 16 3
Klere-veranderaar	8 1 0
Gewone masjienwerker (vroulik)	3 13 6
Snyer	12 1 6
Brock-masjienwerker (manlik)	6 18 9
Brock-masjienwerkster (vroulik)	4 19 6
Kleremaakster	3 15 0
Brockperser	6 18 9
Brock-kleremaker	7 9 6
Brock-kleremaakster	3 13 6
Binneperser (manlik)	5 15 0
(ii) *Manlike leerlinge.*	
Gedurende die eerste ses maande ervaring	1 8 9
Gedurende die tweede ses maande ervaring	1 11 8
Gedurende die derde ses maande ervaring	2 4 3
Gedurende die vierde ses maande ervaring	2 17 0
Gedurende die vyfde ses maande ervaring	3 16 0
Gedurende die sesde ses maande ervaring	5 1 3
Gedurende die sewende ses maande ervaring	6 6 6
En daarna minstens die loon voorgeskryf vir die bepaalde klas werk waarvoor hy in diens is.	
(iii) *Vroulike leerlinge.*	
Gedurende die eerste ses maande ervaring	1 8 9
Gedurende die tweede ses maande ervaring	1 11 8
Gedurende die derde ses maande ervaring	1 18 0
Gedurende die vierde ses maande ervaring	2 4 3
Gedurende die vyfde ses maande ervaring	2 10 6
Gedurende die sesde ses maande ervaring	2 17 0
En daarna minstens die loon voorgeskryf vir die bepaalde klas werk waarvoor sy in diens is.	

(iv) *Arbeider.*	*Per week.* £ s. d.	*Per maand.* £ s. d.
Agtien jaar oud of ouer	1 12 6	7 0 10
Onder 18 jaar oud	1 1 8	4 13 11

(*b*) 'n Arbeider onder 18 jaar oud wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n hoër loon ontvang as wat in die Ooreenkoms voorgeskryf word moet voortgaan met sulke hoër loon te ontvang solank as hy by dieselfde werkgewer in diens bly.

(*c*) 'n Werknemer wat enige dag in diens is vir twee of meer soorte werk waarvoor in hierdie artikel verskillende lone voorgeskryf word, moet vir alle ure gewerk gedurende sodanige dag teen die hoogste van sodanige lone betaal word.

(2) Geen werkgewer mag 'n stukwerk in enigeen van onderstaande klasse teen laer stuklone as onderstaande betaal nie en geen sodanige werknemer mag ook laer stuklone aanneem nie, wat met 'n bedrag gelyk aan 30 persent daarvan verhoog moet word:—

(*a*) *Sny, pas en oorsny.*	£ s. d.
Draagbaadjie	0 8 0
Pantbaadjie, manel of aandbaadjie	0 10 0
Alle soorte onderbaadjies	0 2 6
Brocke	0 3 0
Alle soorte rybroeke	0 7 6
Kuitbroek	0 4 6
Jas	0 10 0
Kleurbaadjie	0 7 0
(*b*) *Masjienwerk.*	
Baadjie, met nie meer as vyf sakke nie, „ sak "-baadjie, met die masjien	0 5 6
Kleurbaadjie	0 4 6
Uniformbaadjie, met nie meer as vyf sakke nie	0 6 6
Jas sonder voering, met nie meer as vyf sakke nie	0 7 6
Jas met voering, en nie meer as vyf sakke nie	0 7 6
Pantbaadjie	0 7 6
Aandbaadjie	0 7 6
Manel	0 7 6
Dineebaadjie	0 6 6
Onderbaadjie	0 2 0
Raglanbaadjie	0 8 0
Ekstra's.	
Dubbel gestik	0 1 0
Bo-op gestikte nate	0 1 0
Ekstra sakke	0 0 6
Jas sonder voering, bandsome	0 1 6
Spleetsakke en flappe in baadjie	0 0 6

4. WAGES, PIECE WORK RATES AND RATES FOR COMPLETE MAKING.

(1) (*a*) Subject to the provisions of section 27, no employer shall pay to any time-worker in any of the undermentioned classes, and no such employee shall accept wages at rates lower than the following:—

(i) *Qualified Employees.*	*Per Week.* £ s. d.
Tailor	8 1 0
Machiner	8 1 0
Presser	8 1 0
Plain machiner (male)	5 16 3
Alteration tailor	8 1 0
Plain machiner (female)	3 13 6
Cutter	12 1 6
Trousers machiner (male)	6 18 9
Trousers machinist (female)	4 19 6
Tailoress	3 15 0
Trousers presser	6 18 9
Trousers tailor	7 9 6
Trousers tailoress	3 13 6
Under-presser (male)	5 15 0
(ii) *Male Learners.*	
During first six months of experience	1 8 9
During second six months of experience	1 11 8
During third six months of experience	2 4 3
During fourth six months of experience	2 17 0
During fifth six months of experience	3 16 0
During sixth six months of experience	5 1 3
During seventh six months of experience	6 6 6
And thereafter not less than the wage prescribed for the particular class in which he is employed.	

(iii) *Female Learners.*	£ s. d.
During first six months of experience	1 8 9
During second six months of experience	1 11 8
During third six months of experience	1 18 0
During fourth six months of experience	2 4 3
During fifth six months of experience	2 10 6
During sixth six months of experience	2 17 0
And thereafter not less than the wage prescribed for the particular class of work in which she is employed.	

(iv) *Labourer.*	*Per Week.* £ s. d.	*Per Month.* £ s. d.
Of the age of 18 years or over	1 12 6	7 0 10
Under the age of 18 years	1 1 8	4 13 11

(*a*) Any labourer under the age of 18 years who at the date of coming into operation of this Agreement is in receipt of a wage in excess of the rate laid down in the Agreement shall continue to receive such higher rate while in the employ of the same employer.

(*b*) An employee who in any day is employed on two or more classes of work for which different wages are prescribed in this section, shall for all the hours worked on such day be paid at the higher or the highest of such wages.

(2) No employer shall pay to any piece-worker in any of the undermentioned classes, and no such employee shall accept, less than the following piece-work rates, which shall be increased by an amount equal to 30 per cent. thereof:—

(*a*) *Cutting, Fitting and Recut.*	£ s. d.
Lounge coat	0 8 0
Morning coat, frock coat or dress coat	0 10 0
Vests of all descriptions	0 2 6
Trousers	0 3 0
Breeches of all descriptions	0 7 6
Plus-fours	0 4 6
Overcoat	0 10 0
Blazer	0 7 0
(*b*) *Machining.*	
Coat with not more than five pockets, " bagged " coat, by machine	0 5 6
Blazer	0 4 6
Tunic with not more than five pockets	0 6 6
(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheidversoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn en betrekking het op die Bounywerheid, vanaf die 17de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 16de dag van Maart 1948, bindend is op die werkgewersorganisasie en vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie verenigings;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1 tot en met 19, en 22 tot en met 24 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 17de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 16de dag van Maart 1948, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die munisipale gebied Kimberley; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1, tot en met 19, en 22 tot en met 24 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 17de dag van Maart 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 16de dag van Maart 1948, in die munisipale gebied Kimberley *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „ werknemer " vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

C. F. STEYN,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.

OOREENKOMS

kragtens die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gesluit en aangegaan deur die

„ Kimberley Builders and Allied Trades Employers' Association ",

(hierna genoem „ die werkgewers " of „ die werkgewersorganisasie "), aan die een kant, en die

„ Amalgamated Society of Woodworkers ", en die „ Building Workers' Industrial Union of South Africa ",

(hierna genoem „ die werknemers " of „ die vakverenigings "), aan die ander kant,

wat die partye by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kimberley, is.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die gebied Kimberley, soos in klousule 3 van die Ooreenkoms bepaal, nagekom word deur alle werkgewers en werknemers in die bounywerheid wat lede van die werkgewersorganisasie en die vakverenigings is: met dien verstande dat—

(*a*) die bepalings op vakleerlinge van toepassing is net vir sover hulle nie met die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met 'n kontrak kragtens dié Wet aangegaan, of met voorwaardes ingevolge dié Wet vasgestel, strydig is nie;

(*b*) klousules 4 (4), 7 (5), 10, 14, 15, 18 en 21 hiervan nie op werknemers vir wie in klousules 4 (1) (*a*) (ii) lone voorgeskryf word, van toepassing is nie;

(*c*) klousules 4 (4) en 5 tot en met 11, 14, 18 en 21 nie op ongeskoolde arbeiders van toepassing is nie;

(*d*) die bepalings op leerlinge ingevolge die Wet op Behuising (Noodmagte), Wet No. 45 van 1945 van toepassing is vir sover hulle nie met regulasies of ander voorwaardes kragtens daardie Wet vasgestel, strydig is nie.

2. TERMYN VAN TOEPASSING.

Die Ooreenkoms tree in werking op die datum wat die Minister vasstel ooreenkomstig artikel ag-en-veertig van die Wet en bly van krag vir 'n termyn van een jaar of vir die termyn wat hy vasstel.

✱ No. 471.] [7 March 1947.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.

I, COLIN FRASER STEYN, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding from the 17th day of March, 1947, and for the period ending the 16th day of March, 1948, upon the employers' organization and trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organization or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 to 19 (inclusive) and 22 to 24 (inclusive) of the said Agreement shall be binding from the 17th day of March, 1947, and for the period ending the 16th day of March, 1948, upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry in the municipal area of Kimberley;

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the municipal area of Kimberley and from the 17th day of March, 1947, and for the period ending the 16th day of March, 1948, the provisions contained in clauses 1 to 19 (inclusive) and 22 to 24 (inclusive) of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression " employee " contained in section *one* of the said Act.

C. F. STEYN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between the—

Kimberley Builders and Allied Trades Employers' Association (hereinafter referred to as " the employers " or the "employers' organisation "), of the one part, and the

Amalmagated Society of Woodworkers, and the Building Workers' Industrial Union of South Africa

(hereinafter referred to as "the employees " or "the trade unions "), of the other part;

being the parties to the Industrial Council for the Building Industry, Kimberley.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Kimberley area as defined in clause 3 of the Agreement by all employers and employees in the Building Industry who are members of the employers' organisation and the trade unions, provided that—

(*a*) the terms shall apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into, or any conditions fixed thereunder;

(*b*) clauses 4 (4), 7 (5), 10, 14, 15, 18 and 21 hereof shall not apply to employees for whom wages are specified in clauses 4 (1) (*a*) (ii);

(*c*) clauses 4 (4) and 5 to 11 (inclusive), 14, 18, and 21 shall not apply to unskilled labourers;

(*d*) the terms shall apply to trainees under the Housing (Emergency Powers) Act, No. 45 of 1945, in so far as they are not inconsistent with any regulations made or any conditions fixed under such Act.

2. PERIOD OF OPERATION.

The Agreement shall come into operation on such date as may be determined by the Minister in terms of section *forty-eight* of the Act and shall remain in force for a period of one year or for such period as may be determined by him.

3. WOORDBEPALINGS.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebruik word en in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bepaal is, het dieselfde betekenis as in die genoemde Wet en alle verwysings na 'n wet sluit alle wysigings van sulke wet in; voorts, tensy strydig met die samehang, beteken:—

„ Wet ", die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„ vakleerling ", 'n werknemer wat in diens is kragtens 'n skriftelike leerlingkontrak geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944;

„ Bounywerheid ", of „ nywerheid ", sonder om in 'n enkel opsig die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die doel van oprigting, voltooiing, hernuwing, herstel, onderhoud, of verbou van geboue en bouwerke en/of die vervaardiging en/of die herstel van artikels wat gebruik word vir die oprigting, voltooiing, of verbouing van geboue en bouwerke, hetsy die werk verrig, die materiaal berei, of die nodige artikels gemaak word op die terreine van die geboue of bouwerke of elders en sluit in alle werk wat uitgevoer of verrig word deur persone daarin wat in die volgende vakke of onderafdelings daarvan werksaam is:—

Messelwerk, met inbegrip van konkreetwerk en die aanbring van konkreetblokke, beteël van mure en vloere, voegwerk, plavei, mosaïekwerk, sigwerk met leiklip, in marmer en in komposisie, rioolaanleg, dakke met lei en dakpanne afdek;

elektriese aanleg, met inbegrip van elektriese toebehoens en bedrading en bybehorende werksaamhede;

vernis, met inbegrip van vernis met 'n kwas of kussinkie en met enige mengsel sproei;

skrynwerk, met inbegrip van die vervaardiging van alle skrynwerk artikels, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of voorberei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

hyseraanleg, met inbegrip van die vervaardiging van hyserbakke of -kooie en die installeer en/of onderhou van hysers;

werk met glas in lood of ander metale, met inbegrip van die vervaardiging en/of aanbring van ligte, reklametekens en insit van glas in verband daarmee;

klipmesselwerk, met inbegrip van klipbeitelwerk en klipbouwerk, ook die uitbeitel en bou van ornamentele en monumentale klipwerk; konkreetwerk en aanbring van voorafgevormde en/of kunsmatige klip of marmer, plavei, mosaïekwerk, voegwerk; beteël van mure en vloere, bedien van klipbewerkingsmasjinerie, behalwe klippolecrmasjinerie, en die skerpmaak van klipmesselaarsgereedskap, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of voorberei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

metaalwerk, met inbegrip van die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, bouersmidswerk, metaalrame en metaaltrappe en boukundige metaalwerk, die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaalwerk en uitgedrukte metaalwerk, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of voorberei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

skilderswerk, met inbegrip van versiering, muurpapier plak, ruite insit, distemper, beits, vernis, houtvlam, marmer en sproei;

pleisterwerk, met inbegrip van modelleer, granoliet- en komposisiebevloering, komposisiemuurbekleding, met inbegrip van klippiespleister, en poleer, voorafgevormde of kunsmatige klipwerk aanbring, mure en vloere beteël, mosaïekwerk, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of voorberei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

loodgieterswerk, met inbegrip van loodbrand, gasaanleg, saniteits- en huiswerktuigkundige werk, rioolaanleg, metaal kalfater, ventilering, verwarming, warm- en kouwateraanleg, brandblusaanleg en die vervaardiging en aanleg van alle metaalplaatwerk, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

winkel-, kantoor- en bankuitrusting, met inbegrip van die vervaardiging en/of aanleg van winkelfronte, vensterkaste, uitstalkaste, toonbanke, skerms en losse en vaste binne-uitrusting, vaste huis- en skooluitrusting;

staalbewapening;

staalkonstruksie, met inbegrip van aanleg van alle soorte staal- of ander metaalpilare, -hoofbalke, -dwarsbalke, of metaal in welke vorm ook wat deel van 'n gebou of bouwerk uitmaak;

houtwerk, met inbegrip van timmerwerk, houtbewerking, masjienwerk, draaiwerk, houtsnywerk, aanbring van dakvyster, geluid- en akoestiekmateriaal, kurk- en asbesisolasie, plafonlatjies aansit, aanbring van komposieplafonne en -muurbekleding, houtproppe in mure aanbring, houtwerk met metaal beklee, blok- en ander vloere met inbegrip van hout en kurk en skuurpapierbewerking daarvan, hetsy die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of voorberei dit in die gebou of bouwerk aanbring of nie;

„ Raad ", die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid (Kimberley); geregistreer kragtens artikel *neëntien* van die Wet;

„ noodsaaklike dienste ", sulke werk wat noodsaaklik verrig moet word vir die versekering van die gesondheid en veiligheid van die publiek of die voortsitting van ander nywerhede, besighede, of ondernemings;

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act, and any reference to an Act shall include any amendment of such Act, further, unless inconsistent with the context—

" act " means the Industrial Conciliation Act, 1937;

" apprentice " means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1944;

" Building Industry " or "industry " means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the industry in which employer or employee are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining, or altering buildings and structures, and/or the making and/or repairing the articles for use in the erection, completion or alteration of buildings and structures, whether the work is performed, the material is prepared or the necessary articles are made on the site of the buildings or structures or elsewhere, and shall include all work executed or carried out by persons therein who are engaged in the following trades or sub-divisions thereof:—

Bricklaying, which includes concreting and fixing of concrete blocks, tiling of walls and floors, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition, drain laying, slating and roof tiling;

electrical installation, which includes electrical fittings and wiring and operations incidental thereto;

french polishing, which includes polishing with a brush or pad and spraying with any compositions;

joinery, which includes manufacture of all articles of joinery, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the articles used;

lift installation, which includes the manufacture of lift cars or cages, and the erection and/or the maintenance of lifts;

light-making, lead or other metals, which includes the manufacture and/or fixing of lights, display signs and glazing relating thereto;

masonry, which includes stone cutting and building (also the cutting and building of ornamental and monumental stone work), concreting and fixing or building of precast or artificial stone or marble, paving mosaic work, pointing wall or floor tiling, operating of stone working machinery (other than stone polishing machinery), and sharpening of masons' tools, whether or not the fixng in the building or structure is done by the person making or preparing the articles used;

metal work, which includes the fixing of steel ceilings, metal windows, metal doors, builders' smithwork, metal frames and metal stairs and architectural metal work, the manufacture and/or fixing of drawn metal work and sheets and extruded metal, whether or not the fixing in a building or structure is done by the person making or preparing the article used;

painting, which includes decorating, paper-hanging, glazing, distempering, staining, varnishing, graining, marbling and spraying;

plastering, which includes modelling, granolithic and composition flooring, composition wall covering, including pebble dashing and polishing, precast or artificial stone work, wall and floor tiling, paving and mosaic work, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

plumbing, which includes lead burning, gas fitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying, metal caulking, ventilating, heating, hot and cold water fitting, fire installation and the manufacture and fitting of all sheet metal work; whether or not the fixing on the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

shop, office and bank fitting, which includes the manufacture and/or fixing of shop fronts, window enclosures, show-cases, counters, screens and interior fittings and fixtures, house and school immovable fittings;

steel reinforcing;

steel construction, which includes the fixing of all classes of steel or other metal columns, girders, steel joists, or metal in any other form which forms part of a building or structure;

woodwork, which includes carpentry, woodworking, machining, turning, carving, fixing of corrugated iron, sound and acoustic material, cork and asbestos insulating, wood lathing, composition ceiling and wall covering, plugging of walls, covering of woodwork with metal, block and other flooring, including wood and cork, and sandpapering of same, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

" Council " means the Industrial Council for the Building Industry (Kimberley) registered in terms of section *nineteen* of the Act;

" essential work " means any work which must necessarily be performed in order to ensure the health and safety of the public, or the carrying on of any other industry, business or undertaking;

,, noodwerk ", sulke werk wat nie redelikerwyse gedurende die ure soos voorgeskryf in of soos voorgeskryf mag word ingevolge klousule 7 van hierdie Ooreenkoms, verrig kan word nie;

,, ambagsgesel ", 'n werknemer wat die volle leertyd ingevolge 'n vakleerlingkontrak uitgedien het, maar wat volgens die Raad nie bekwaam genoeg beskou word om die loon wat in subklousule (1) van klousule 4 voorgeskryf word vir die werk wat hy verrig, te verdien nie;

,, stukwerk ", elke werkstelsel waarvolgens 'n werknemer se verdienste gebaseer is op die omvang of hoeveelheid van die verrigte werk;

,, gebied Kimberley ", die munisipale gebied Kimberley;

,, bouwerk ", dat dit insluit mure, steunmeure, en monumente;

,, halfgeskoolde arbeider ", 'n werknemer wat een of meer van die volgende soorte werk verrig: Bestuur van meganiese voertuig, bedien van hystoestelle, skuurpapierbewerkingen vloermasjiene, alleen oor ongeskoolde arbeiders toesig hou, steiers oprig, toesig hou op konkreetmengers, of mortelmeule, of ander dergelike masjiene, kalfater van aardewerkrioolpype, afwit en wat buitendien die werk van 'n ongeskoolde arbeider kan verrig;

,, geskikte slaapplek ", 'n waterdigte beskutting wat veilig afgesluit kan word en 'n houtvloer en die nodige was- en gemakgeriewe het;

,, werkende werkgewer of vennoot ", 'n werkgewer of 'n vennoot in 'n vennootskap wat self soortgelyke werk soos deur sy werknemers verrig word, verrig;

,, ongeskoolde arbeider ", 'n persoon wat uitsluitlik een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(i) Grond of klip uitgraaf of uithaal vir fondamente, slote, riole en kanale;

(ii) uitgegrawe klippe of grond verwyder;

(iii) materiaal voer aan of verwyder vir mortel- of konkreetmengmasjiene, en met die hand of grawe konkreet of mortel meng;

(iv) laai of aflaai van materiaal;

(v) mortel, bakstene, klippe, konkreet of ander materiaal dra;

(vi) gebruikte bakstene skoonmaak;

(vii) vorms in pleisteraarsmodelleerwinkels vul;

(viii) afwit van gebou en latrines wat deur naturelle gebruik word en teer aansmeer;

(ix) kraggedrewe masjiene voer en daarvan afneem;

,, vakman ", 'n ander werknemer as 'n vakleerling, of minderjarige, of halfgeskoolde arbeider, of ongeskoolde arbeider, wat in een of meer van die vakke of onderafdelings daarvan soos genoem in die woordbepaling van ,, bouwerk " in diens is;

,, minderjarige ", 'n werknemer wat in 'n bedryf wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is, in diens is gedurende die proeftydperk soos kragtens die Wet voorgeskryf.

4. Lone.

(1) (*a*) Behalwe soos bepaal in subklousules (1) (*b*), (2), (3), (4) van hierdie klousule van hierdie Ooreenkoms, kan geen laer lone as die volgende, gelees tesaam met die orige bepalings van hierdie klousule, deur 'n werkgewer betaal en deur 'n werknemer aangeneem word nie:—

(i) Ongeskoolde arbeiders: ooreenkomstig klousule 24;

(ii) halfgeskoolde arbeiders: 1s. 6d. per uur;

(iii) vakmanne in die skildersvak: 2s. 11d. per uur;

(iv) vakmanne in alle ander vakke: 3s. 2d. per uur.

(*b*) *Differensiële lone.*—'n Werknemer wat op een dag twee of meer soorte werk verrig waarvoor verskillende lone betaal moet word, moet vir alle ure wat hy op die bepaalde dag werk betaal word teen die hoogste loon wat ingevolge paragraaf (*a*) betaal moet word.

(2) (*a*) Onderworpe aan paragraaf (*b*) van hierdie klousule, kan 'n ambagsgesel toegestaan word om na voltooiing van sy vakleerlingtermyn vir ses maande te werk teen minstens 70 persent van die loon soos in subklousule (1) van hierdie klousule vir 'n werknemer in sy bedryf vasgestel, en daarna vir nog 'n tydperk van ses maande teen minstens 80 persent van die genoemde loon.

(*b*) Toestemming om teen 'n laer skaal as waarna in paragraaf (*a*) van hierdie subklousule verwys word, te werk, kan alleen na goeddunke deur die Raad verleen word.

(3) *Betaling vir werk op bepaalde dae.*—Dubbel die loon soos in hierdie klousule voorgeskryf, moet aan 'n werknemer betaal word vir alle tyd wat hy op Sondag tot die gewone begintyd op die volgende dag werk, en as op Goeie-Vrydag, Meidag, Kersdag, of Nuwejaarsdag gewerk word, moet die werknemer, benewens die verlofbetaling wat kragtens klousule 23 verskuldig is, vir die totale tydperk wat hy op elk van die dae tot die gewone begintyd op die volgende dag werk, betaal word teen die skaal soos in hierdie klousule voorgeskryf. Elke bedrag wat ingevolge hierdie subklousule aan 'n werknemer verskuldig is, moet tegelyk met sy weeklikse besoldiging aan hom betaal word.

(4) *Gevaarlike werk.*—Vir alle werk van 'n gevaarlike aard, moet ekstra loon bo die voorgeskrewe minimum betaal word en individuele werkgewers en werknemers moet onderling op die bedrag ooreenkom: met dien verstande dat as die partye nie tot 'n vergelyk kan kom nie, die saak beslis moet word deur die Raad, wie se beslissing finaal is.

"emergency work" means such work as cannot reasonably be performed during the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 7 of this Agreement;

"improver" means an employee who has completed a full term of apprenticeship under indenture, but who is not considered by the Council as competent to earn the wage laid down in sub-clause (1) of clause 4 of this Agreement in respect of the work on which he is engaged;

"piece-work" means any system of work under which an employee's earnings are based on quantity or output of work done;

"Kimberley area" means the municipal area of Kimberley;

"structure" includes walls, retaining walls and monuments;

"semi-skilled labourer" means an employee engaged in any or all of the following classes of work: Driving mechanical vehicles, operating hoists, floor and sandpapering machines, supervising solely unskilled labourers, scaffold erecting, supervising concrete mixers, or mortar mills, or other similar machines, caulking of earthenware drainpipes, lime washing, and who may in addition perform the work of an unskilled labourer;

"suitable sleeping accommodation" means a waterproof shelter capable of being securely locked, with a wooden floor and the necessary washing and lavatory accommodation;

"working employer or partner" means an employer or partner in a partnership who himself performs work similar to that carried out by any of his employees;

"unskilled labourer" means any person who is employed exclusively on all or any of the following operations:—

(i) digging or taking out soil or stone for foundations, trenches, drains or channels;

(ii) removing excavated stone or soil;

(iii) shovelling material into or removing them for mortar or concrete mixing machines, and mixing concrete or mortar by hand or shovels;

(iv) loading or unloading materials;

(v) carrying mortar, bricks, stone, concrete or other materials;

(vi) cleaning used bricks;

(vii) filling of moulds in plasterers' modelling shops;

(viii) lime washing of buildings and latrines occupied and used by natives, and the use of tar;

(ix) feeding into and taking from power-fed machines;

"journeyman" means any employee other than an apprentice or minor or semi-skilled labourer or unskilled labourer employed in any one or more of the trades or subdivisions thereof enumerated in the definition of "Building Industry";

"minor" means an employee employed in a trade designated under the Apprenticeship Act 1944, during the probationary period prescribed in the Act.

4. Wages.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sub-clauses (1) (*b*), (2), (3), (4), of this clause of this Agreement, no employer shall pay and no employee shall accept wages at a lower rate than the following, read with the remaining provisions of this clause:—

(i) Unskilled labourers: In accordance with clause 24.

(ii) Semi-skilled labourers: 1s. 6d. per hour.

(iii) Journeymen in the painting trade: 2s. 11d. per hour.

(iv) Journeymen in all other trades: 3s. 2d. per hour.

(*b*) *Differential Rates.*—An employee who on any day performs two or more classes of work for which different wages are payable, shall be paid at the higher wage payable in terms of paragraph (*a*) of this sub-clause for all hours worked on such day.

(2) (*a*) An improver may, subject to paragraph (*b*) of this sub-clause, be allowed to work after conclusion of his period of apprenticeship, for six months at a wage of not less than 70 per cent. of the wage laid down in sub-clause (1) of this clause for an employee in his trade, and thereafter for a further period of six months at a wage of at least 80 per cent. of such wage.

(*b*) Permission to work at a lower rate referred to in paragraph (*a*) of this sub-clause shall be granted in writing solely in the discretion of the Council.

(3) *Payment for Work on Certain Days.*—Double the wages prescribed in this clause shall be paid to an employee in respect of all time worked by him on a Sunday until the usual starting time on the following day, and when work is performed on Good Friday, May Day, Christmas Day or New Year's Day, the employee shall be paid at the rate prescribed in this clause in respect of the total period worked on each such day until the usual starting time on the following day, in addition to the holiday payment due in terms of clause 23. Any amount due to an employee in terms of this sub-clause shall be paid to him with his weekly remuneration.

(4) *Dangerous Work.*—On all jobs of a dangerous nature, wages in excess of the minimum prescribed shall be paid, the amount to be mutually agreed upon between individual employers and employees, provided that when the parties are unable to agree, the matter shall be determined by the Council, whose decision shall be final.

(5) *Lewenskostetoelae.*—Benewens die lone soos in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, moet werknemers, behalwe hulle vir wie in klousules 4 (1) (*a*) (iii) en (iv) lone voorgeskryf word, 'n lewenskostetoelae betaal word soos uiteengesit in Oorlogsmaatreël No. 43, van 1942, soos gewysig, of soos van tyd tot tyd gewysig mag word. Die genoemde lewenskostetoelae moet tegelyk met die werknemer se gewone besoldiging betaal word. Werknemers wat lone soos voorgeskryf in klousule 4 (1) (*a*) (iii) en (iv) van die Ooreenkoms ontvang, moet 'n lewenskostetoelae van sewe pennies (7d.) per uur betaal word.

5. Stukwerk.

Geen werk op 'n stukwerk basis mag deur werkgewers uitgegee of deur werknemers verrig word nie.

6. Betaling van lone en oortyd.

(1) Loon en oortydverdienste moet weekliks op Vrydag, of by beëindiging van diens as dit voor die gewone betaaldag van die werknemer val, kontant betaal word.

(2) Loon en oortydverdienste moet aan die werknemers oorhandig word in 'n geslote koevert waarop die naam van die werknemer, die getal ure gewerk, kortings wat miskien afgetrek is, en die ingeslote bedrag vermeld staan.

(3) Behalwe soos bepaal in klousule 18 van hierdie Ooreenkoms, kan van die bedrae wat aan 'n werknemer verskuldig is vir loon, lewenskostetoelae, of verdienste vir oortydwerk, geen kortings afgetrek word nie: met dien verstande dat as 'n werkgewer kragtens enige wet, ordonnansie, of regsgeding verplig is om ten behoewe van 'n werknemer 'n betaling te doen, die bedrag wat aldus betaal word, afgetrek kan word.

7. Werkure.

(1) (*a*) Behalwe soos bepaal in subklousule (4) van hierdie klousule, en klousule 8 van hierdie Ooreenkoms, kan geen werkgewer van sy werknemer vereis of hom toestaan om voor 8 vm. of later as 12 uur middag op Saterdag, of voor 8 vm. of later as 5 nm., of tussen 12 uur middag en 1 nm. op 'n ander dag te werk nie, en geen werknemer mag gedurende die genoemde ure werk nie.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) van hierdie subklousule, kan 'n werkgewer halfgeskoolde arbeiders toestaan om op 'n gewone dag om 7.50 vm. te begin en om 5.10 nm. die werk te staak en om op 'n Saterdag om 7.50 te begin en om 12.10 nm. die werk te staak.

(2) (*a*) Die gewone werkure is hoogstens vier-en-veertig (44) uur per week en moet as volg verdeel word: Ag uur per dag van Maandag tot en met Vrydag en vier uur op Saterdag.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) van hierdie subklousule, kan die gewone ure van halfgeskoolde arbeiders ses-en-veertig (46) uur per week wees, bereken soos bepaal in subklousule (1) (*b*).

(3) Die Raad kan toestaan dat vir alle werke die hele tydperk van 44 uur in 5 dae gewerk word: met dien verstande dat die werkure vir elke dag vasgestel word 'n vrystellingsertifikaat wat kragtens klousule 18 van hierdie Ooreenkoms uitgereik is.

(4) (*a*) 'n Werkgewer kan werknemers in diens neem om in 'n tweeskoftestelsel of drieskoftestelsel binne 'n tydperk van 24 uur te werk, ewewel met dien verstande dat geen werknemer meer as een skof binne 'n tydperk van 24 uur mag werk nie, behalwe op die voorwaardes soos in klousule 8 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf.

(*b*) As drie skofte gewerk word, moet een skof gewerk word binne die tyd soos in subklousule (1) van hierdie klousule voorgeskryf. Ingeval net twee skofte gewerk word, moet 'n werknemer vir die eerste skof nie voor 6 vm. begin met werk of na 3 nm. sy werk staak nie, of vir die tweede skof nie voor 3 nm. begin met werk of na 12 uur middernag sy werk staak nie; 'n werknemer wat 'n ander skof werk as tussen die ure soos in subklousule (1) voorgeskryf, of wat kragtens subklousule (3) voorgeskryf kan word, moet die loon betaal word en ontvang wat kragtens klousule (4) van hierdie Ooreenkoms betaalbaar is, plus 10 persent.

(5) Geen werknemer mag terwyl hy by 'n werkgewer in diens is, werk in die bouywerheid werf, onderneem, of verrig nie, hetsy vir besoldiging of nie, buite die ure wat in hierdie klousule voorgeskryf word of kragtens hierdie klousule voorgeskryf kan word, of op Sondag, Meidag, Goeie-Vrydag, of Kersdag, hetsy vir sy eie rekening of ten behoewe van 'n persoon of persone, tensy met voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad.

(6) Op Meidag en Goeie-Vrydag mag nie gewerk word nie, tensy die Raad van te vore skriftelike in kennis gestel is van die werkgewer se voorneme om op dié dae te werk.

8. Oortyd.

(1) 'n Werkgewer kan nie van 'n werknemer vereis of hom toestaan om oortyd te werk nie, behalwe—

(*a*) in die geval van noodwerk;
(*b*) vir noodsaaklike dienste; en
(*c*) waar die vereistes van die bepaalde geval dit noodsaaklik maak dat die werk met groter spoed uitgevoer word as moontlik sou wees as die ure gewerk word soos voorgeskryf in, of soos voorgeskryf kan word kragtens klousule 7 van hierdie Ooreenkoms en as van die Raad skriftelik toestemming verkry is.

(2) Behalwe soos bepaal in subklousule (3) van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms, moet vir oortyd betaal word teen 1½ maal die loon soos voorgeskryf in klousule 4 van hierdie Ooreenkoms, vir alle tyd tot op 4 uur wat bo die ure soos voorgeskryf in of soos voorgeskryf kan word kragtens klousule 7 van hierdie Ooreenkoms gewerk word, en daarna teen dubbel die loon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat tot die gewone begintyd op die volgende dag gewerk word.

(5) *Cost of Living Allowances.*—In addition to the wages prescribed in this Agreement, employees other than those for whom wages are prescribed in clauses 4 (1) (*a*) (iii) and (iv) shall be paid cost of living allowances as set out in War Measure No. 43 of 1942, as amended, or as may be amended from time to time. Such allowances shall be paid at the same time as the employee's ordinary remuneration. Employees receiving wages as prescribed by clause 4 (1) (*a*) (iii) and (iv) of the Agreement shall receive a cost of living allowance of sevenpence (7d.) per hour.

5. Piece Work.

The giving out by employers or the performance by employees of work on piece work basis is prohibited.

6. Payment of Wages and Overtime.

(1) Wages and earnings for overtime shall be paid in cash weekly on Fridays or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay-day of the employer.

(2) Wages and earnings for overtime shall be handed to employees in sealed envelopes bearing the name of employee, number of hours worked, and deductions which may have been made, and amount enclosed.

(3) Subject to the provisions of clause 18 of this Agreement, no deductions shall be made from the amounts due to employees in respect of wages, cost of living allowance or remunerations for overtime work, provided that where an employer is compelled by any law, Ordinance or legal process to make any payment on behalf of an employee, an amount so paid may be deducted.

7. Hours of Work.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sub-clause (4) of this clause and clause 8 of this Agreement, an employer shall not require or allow an employee to work and an employee shall not work earlier than 8 a.m. or later than 12 noon on Saturdays, or earlier than 8 a.m. or later than 5 p.m. or between 12 noon and 1 p.m. on any other day.

(1) (*b*) Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*) of this sub-clause, an employer may permit semi-skilled labourers to commence work at 7.50 a.m. and finish at 5.10 p.m. on an ordinary day and to commence work at 7.50 a.m. and finish at 12.10 p.m. on a Saturday.

(2) (*a*) The ordinary working hours shall not exceed forty-four (44) hours per week, and shall be apportioned as follows: Eight hours daily from Monday to Friday, inclusive, and four hours on Saturday.

(*b*) Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*) of this sub-clause, the ordinary hours of semi-skilled labourers may be forty-six (46) hours per week calculated as provided in sub-clause (1) (*b*).

(3) The Council may permit the whole period of 44 hours to be worked on 5 days on all jobs, provided that the hours of work for each day shall be fixed in any licence of exemption granted in terms of clause 18 of this Agreement.

(4) (*a*) An employer may engage employees to work two or three shifts during any period of 24 hours, provided, however, that no employee shall work more than one shift in any period of 24 hours except under the conditions prescribed in clause 8 of this Agreement.

(*b*) Where three shifts are being worked, one shift shall be worked in the time prescribed in sub-clause (1) of this clause. In the case where two shifts are worked only, an employee shall not start earlier than 6 a.m. or finish later than 3 p.m. for the first shift or start work earlier than 3 p.m. or finish later than 12 midnight for the second shift; an employee working any shift other than between the hours prescribed in sub-clause (1) or as may be fixed in terms of sub-clause (3) shall be paid and receive the wages payable under clause (4) of this Agreement, plus 10 per cent.

(5) No employee whilst in the employ of an employer shall solicit, undertake, or perform any work in the Building Industry, whether for remuneration or not, outside the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with this clause, or on Sundays, May Day, Good Friday or Christmas Day, either on his own account or on behalf of any person or persons unless the consent of the Council has first been obtained in writing.

(6) No work shall be performed on May Day and Good Friday unless the Council has been previously notified in writing of the employers' intentions to work on such days.

8. Overtime.

(1) An employer shall not require or allow any employee to work overtime except—

(*a*) in cases of emergency work;
(*b*) on essential services;
(*c*) where the exigencies of the particular case demand that work be performed with greater rapidity than would be possible by working the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 7 of this Agreement and when consent of the Council shall be obtained in writing.

(2) Subject to the provisions of sub-clause (3) of clause 4 of this Agreement, overtime shall be paid for at 1½ times the wages prescribed in clause 4 of this Agreement for any time up to 4 hours worked in excess of the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 7 of this Agreement, and double such wages thereafter for every hour or part of an hour worked, until the usual starting time the following day.

9. DIENSBEËINDIGING.

(1) 'n Werknemer wat sy dienskontrak met 'n werkgewer wil beëindig en 'n werkgewer wat die dienskontrak met 'n werknemer wil beëindig, moet in die geval van timmermans en skrynwerkers minstens 2 uur diensopsegging en in die geval van ander werknemers minstens een uur diensopsegging vir beëindiging van die kontrak aan die werkgewer of na gelang van die geval aan die werknemer gee: met dien verstande dat diens in geen geval voor die stakingstyd soos voorgeskryf in of soos voorgeskryf kan word kragtens klousule 8 van hierdie Ooreenkoms, kan eindig nie.

(2) 'n Werknemer wat as 'n timmerman of skrynwerker in diens is, moet gedurende die termyn van diensopsegging waarna in subklousule (1) van hierdie klousule verwys word, toegestaan word om sy gereedskap vir gebruik gereed te maak.

(3) Geen diensopsegging is vereis tensy die betrokke werknemer minstens drie agtereenvolgende dae vir dieselfde werkgewer gewerk het nie.

10. BÊREPLEK VIR EN VERSKAFFING VAN GEREEDSKAP.

(1) Die werkgewer moet op alle werke 'n geskikte plek vir wegsluit van gereedskap verskaf. Dit is nie op klein werkies van toepassing nie. Alle werknemers se gereedskap in werkplekke moet deur die werkgewer teen verlies deur brand verseker word.

(2) Werkgewers moet slypstene vir die skerpmaak van gereedskap verskaf. As geen slypstene op die werk verskaf word nie, moet die timmermans en skrynwerkers voldoende tyd en geleentheid toegestaan word om voor hul diensbeëindiging hul gereedskap weer gereed vir werk te maak.

(3) Werkgewers moet die volgende verskaf: In die geval van—

(*a*) *Timmermans.*—Alle klemme, handskroewe, lymkwaste, skroefsleutels, koevoete, bore en boorysters oor 12 duim lank en alle hamers oor 3 pond.

(*b*) *Klipmesselaars en kliphouers.*

(i) Gereedskap vir bewerking van graniet of harde klip en klouhamers;

(ii) geskikte afdakke vir kliphouers, met 'n dak wat op minstens 10 vt. hoogte is. Hierdie bepaling is nie op klein werkies op bouterreine van toepassing nie;

(iii) 'n werknemer om alle gereedskap skerp te maak.

(*c*) *Skilders en plakkers.*—Alle gereedskap, behalwe skildersmesse, stoffers en plakkerskwaste en -skêre.

(*d*) *Pleisteraars.*—Daggaborde en steiers van geskikte hoogte, rollers, reihoute en spesiale gereedskap vir granolietwerk.

(*e*) *Loodgieters en gasaanlêers.*

(i) Masjiene wat in werkwinkel of op werk gebruik word.

(ii) Bankaambeelde en klinkstawe en boorysters van alle groottes.

(iii) Skroefsnygereedskap, soos snyblokke, -tappe, ens.

(iv) Pypsnygereedskap en bankskroewe.

(v) Spesiale en swaar kalfaatysters en potte (vuurpotte).

(vi) Smeltpotte en groot gietlepels.

(vii) Beitels, deurslaners en muurpenne langer as 9 duim.

(viii) Soldeerysters en blaaslampe.

(ix) Vyle en ystersaaglemme.

(x) Skroefspille van meer as 2 duim deursny.

(xi) Klinkstelle vir klinknaels no. 12 en groter, en groefgereedskap.

(xii) Hamers en plethamers vir metaalplaatwerkers.

(xiii) Deurslaner van meer as ¼ duim deursny, hol of soliede.

(xiv) Skroefsleutels en tange van langer as 12 duim

(*f*) *Elektrisiën.*—Groot vyle, blaaslampe, spanskroewe, beitels, saaglemme en skroefsnygereedskap.

11. SPESIALE BEPALINGS BETREFFENDE DIE VERRIGTING VAN SEKERE KLASSE WERK.

Werkgewers en werknemers moet die volgende reëls nakom:—

(1) *Pleisteraarmodelleerwerkwinkel.*—'n Werkgewer moet sorg dat die pas van vorms gedoen word onder toesig van 'n werknemer wat minstens die standaardloonskaal soos in hierdie Ooreenkoms vir ander vakke as skilderwerk vasgestel, betaal moet word.

(2) *Konkreetwerk.*—Elke werkgewer moet 'n werknemer in diens hê teen die skaal van minstens die hoogste uurskaal wat aan 'n vakman betaal moet word en wat voortdurend in diens moet wees terwyl konkreet *in situ* gestort word en dit is die werknemer se enigste plig om toesig te hou oor ander persone wat hierdie werk verrig.

(3) (*a*) *Klipwerk.*—Bedieners van klipdraaibank- en klipskaaf- en van diamant- en karborundsaagmasjiene moet minstens betaal word teen die standaardloonskaal soos in hierdie Ooreenkoms vir ander vakke as skilderswerk vasgestel.

(*b*) Werknemers wat saaglemme insit, klippe gereedstel om gesaag te word, en alle klippe gereedmaak en gelykstel vir poleermasjiene, moet minstens teen die standaardloonskaal soos in hierdie Ooreenkoms vir ander vakke as skilderswerk vasgestel, betaal word.

(*c*) Klipmesselaarstellasies moet minstens 6 voet vanmekaar staan en gedurende werkure mag geen stof met die uitblaaspyp of met ander lug weggeblaas word nie.

TERMINATION OF EMPLOYMENT.

(1) An employee desirous of terminating an engagement with an employer, and any employer desirous of terminating the services of an employee shall give, in the case of carpenters and joiners, not less than 2 hours' notice, and in the case of other employees not less than 1 hours' notice, of such termination of employment to the employer or employee, as the case may be provided that employment shall not in any case terminate before the finishing time prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 8 of this Agreement.

(2) An employee engaged as a carpenter or joiner, shall, during the period of notice referred to in sub-clause (1) of this clause, be allowed to put his tools in working order.

(3) No notice of termination of employment shall be required unless the employee concerned has worked for at least 3 consecutive days with the same employer.

10. STORAGE AND PROVISION FOR TOOLS.

(1) A suitable place shall be provided by the employer on all jobs for locking up tools. This shall not apply to jobbing work. All employees' tools in workshops shall be insured by the employer against loss by fire.

(2) Employers shall supply grindstones for sharpening tools. Where no grindstones are provided on the job suitable time and facilities shall be granted to carpenters and joiners prior to termination of employment to put their tools in order.

(3) Employers shall provide, in the case of—

(*a*) *Carpenters*: All cramps, handscrews, glue brushes, wrenches, crowbars, augers and bits over 12 in. long, and all hammers over 3 lbs.

(*b*) *Masons and stonecutters.*

(i) Tools for working granite or hard stone and claws.

(ii) Suitable sheds for stonecutters, the roof of which must not be less than 10 ft. high. This rule shall not apply to small jobs on building sites.

(iii) An employee to sharpen all tools.

(*c*) *Painters and Paper Hangers*: All tools except putty knives, dusters and paperhangers' brushes and scissors.

(*d*) *Plasterers*: Daggaboards and stands of suitable height, rollers, straight edges and special granolithic tools.

(*e*) *Plumbers and Gasfitters.*

(i) Machines used in shop or on job.

(ii) Stake and riveting bars and drills of all sizes.

(iii) Screwing tackle, such as stocks, dies, tabs and ratchets.

(iv) Pipe cutting tools and vices.

(v) Special and heavy caulking irons and pots (firepots).

(vi) Metal pots and large ladles.

(vii) Chisels, punches and wall pins over 9 inches in length.

(viii) Soldering irons and blow lampes.

(ix) Files and hacksaw blades.

(x) Mandrils over 2 inches in diameter.

(xi) Rivet sets for no. 12 rivets and over, and grooving tools.

(xii) Sheet metal workers' mallets and heavy dressers.

(xiii) Punches over ¼ in. in diameter, hollow or solid.

(xiv) Wrenches and tongs over 12 inches in length.

(*f*) *Electricians*: Large files, blow lamps, draw vices, large chisels, saw blades and screw cutting tools.

11. SPECIAL PROVISIONS GOVERNING THE PERFORMANCE OF CERTAIN CLASSES OF WORK.

Employers and employees shall observe the following rates:—

(1) *Plaster Modelling Shop.*—An employer shall provide that the fitting of moulds shall be carried out under the adequate supervision of an employee who shall be paid not less than the standard rate of wages as laid down in this Agreement for trades other than painting.

(2) *Concrete Work.*—Every employer shall employ an employee at the rate of not less than the highest rate per hour payable to a journeyman who shall be continuously employed whilst concrete is being placed in *situ* and it shall be the sole duty of this employee to supervise other persons doing this class of work.

(3) (*a*) *Stone Work.*—Operators of stone turning and planing and of diamond and carborundum sawing machines shall be paid not less than the standard rate of wages as laid down in this Agreement for trades other than painting.

(*b*) Employees employed in fixing saw blades, setting stones ready for sawing and fixing and levelling all stones for polishing machines shall be paid not less than the standard rate of wages as laid down in this Agreement for trades other than painting.

(*c*) Masons' bankers must not be less than 6 feet apart, and no dust shall be blown off from exhaust or other air during working hours.

(*d*) Van geen werknemer kan vereis word om klip wat bewerk is deur 'n werknemer wat laer lone ontvang het as dié soos in hierdie Ooreenkoms vir ander vakke as skilderswerk vasgestel, te gebruik nie.

(*e*) Alle ru-gevormde klip moet op die werkgewer se werf of op die werk afgewerk word, maar kan by die steengroewe alleen met behulp van 'n splythamer kleiner gemaak word. As die werkgewer se werf by die steengroewe geleë is, moet dit op redelike veilige afstand van die groewe se werkfront geleë wees.

(4) *Steiers.*—'n Werkgewer moet sorg dat alle steiers behoorlik uit sterk materiaal gemaak word en opgerig word deur en onder toesig van 'n takelaar of ander werknemer, wat minstens die standaardloon soos in hierdie Ooreenkoms vir ander vakke as skilderswerk vasgestel, betaal moet word.

(5) *Konkreetmengers, mortelmeule of dergelike masjiene.*—Elke werkgewer moet vir elke konkreetmenger, mortelmeul, of dergelike masjien wat gebruik word 'n halfgeskoolde arbeider in diens hê wat voortdurend in diens moet wees terwyl konkreet of mortel gemeng of gemaal word en dit is dié werknemer se enigste plig om toesig te hou oor die bedien van enige masjien wat vir daardie doel gebruik word.

12. Beskutting teen nat weer.

Op elke terrein waar bouwerksaamhede verrig word, moet wergewers voorsiening maak vir behoorlike beskutting waar die werknemers tydens nat weer kan skuil.

13. Latrines.

Behoorlike afsonderlike saniteitsgeriewe vir blankes en nieblankes moet op alle werkplekke verskaf word.

14. Verversings.

Elke werkgewer moet 'n persoon verskaf wat in die môre, om 12 uur middag en in die namiddag tee kan maak vir sy werknemers. Geen werknemer mag vir môre- of namiddagtee die plek waar hy aan die werk is, verlaat nie.

15. Werkende werkgewer of vennoot.

Elke werkende werkgewer en/of vennoot moet die werkure nakom wat in of kragtens die bepalings van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word.

16. Toepassing van Ooreenkoms.

Die Raad is die liggaam wat vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en kan vir die leiding van werkgewers en werknemers meningsuitsprake uitvaardig wat nie met die bepalings hiervan strydig is nie.

17. Vrystellings.

(1) Die Raad kan om goeie en voldoende rede aan enige persoon of persone skriftelike vrystelling van elke bepaling van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad het die bevoegdheid om die voorwaardes waarop 'n vrystelling van krag sal wees vir 'n termyn van hoogstens twaalf maande vas te stel.

(3) 'n Vrystellingsertifikaat wat deur die Voorsitter en die Sekertaris van die Raad onderteken is, moet aan elke vrygestelde persoon uitgereik word. 'n Vrystellingsertifikaat is net vir die gebied waarvoor dit uitgereik is, geldig.

(4) 'n Vrystellingsertifikaat kan te enige tyd gedurende die termyn waarvoor dit verleen is, deur die Raad gewysig of herroep word.

(5) 'n Werkgewer moet die bepalings van 'n vrystellingsertifikaat wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie klousule uitgereik is, nakom.

(6) 'n Afskrif van elke vrystellingsertifikaat moet deur die Sekretaris van die Raad aan die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Posbus 332, Kimberley, gestuur word.

18. Uitgawes van die Raad.

(1) Ten einde te voorsien in die uitgawes van die Raad, moet elke werkgewer weekliks 6 pennies aftrek van die verdienste van elk van sy werknemers, behalwe vakleerlinge, vir wie lone voorgeskryf is in klousule 4 (1) (*a*) (iii) en (iv) van hierdie Ooreenkoms: met dien verstande dat die bepalings van hierdie klousule nie op 'n werknemer wat minder as twee dae in een week vir dieselfde werkgewer gewerk het, van toepassing is nie, en by die bedrag aldus afgetrek moet die werkgewer 'n gelyke bedrag bydra.

(2) Alle bedrae wat ooreenkomstig die bepalings van subklousule (1) van hierdie klousule betaal moet word, moet saam met 'n opgaaf wat die getal werknemers in diens en hul vakke aantoon, uiterlik die sewende dag van elke maand ten opsigte van die verskuldigde bedrae vir die vorige maand aan die Sekretaris van die Raad opgestuur word.

19. Kennisgewingborde.

Elke werkgewer en alle werkgewers wat in vennootskappe werk, moet oral waar deur hulle bouwerksaamhede uitgevoer word, op 'n opvallende plek vir die publiek 'n kennisgewing bord oprig wat die volle naam en besigheidsadres van die werkgewer, of vennootskap, vermeld.

20. Agente.

